Resultate persverklaring vir die jaar geëindig 30 Junie 2023

REMGRO BEREIK ‘N BELANGRIKE MYLPAAL MET DIE TRANSFORMASIE VAN SY PORTEFEULJE TERWYL VERDIENSTEMOMENTUM BEHOU WORD IN ‘N UITDAGENDE BEDRYFSOMGEWING

- **Wesensverdienste per aandeel: op met 8.9% vanaf 1 151 sent tot 1 254 sent**
- **Met uitsluiting van die impak van verskeie korporatiewe transaksies, het wesensverdienste met ongeveer 27% toegeneem**
- **Gewone dividend per aandeel: op met 60.0% tot 240 sent**
- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel soos op 30 Junie 2023: op met 16.6% tot R248.47**

Die uitdagende omgewing waarin besighede tans sake bedryf, word wyd herken en deur die nuusmedia in Suid-Afrika gedek. Die kenmerke van hierdie uitdagende bedryfsomgewing sluit onder andere die volgende in: beurtkrag, hoë inflasie, hoë rentekoerse, skerp toenames in elektrisiteitspryse, buitelandse valuta-skommelinge, voortgesette geopolitiese spanninge, die wegkalwe van buitelandse beleggersvertroue in die land, asook die kommerwekkende vlakke van misdaad en korrupsie. Die sameloop van al hierdie faktore het waarskynlik die moeilikste sake-omgewing geskep sedert Remgro se ontstaan.

Die huidige ekonomiese klimaat is kommerwekkend. Die ontwrigting van sakebedrywighede het ‘n direkte invloed op verbruikers en verhoog die risiko van maatskaplike onstabiliteit weens die impak op lewensbestaan en styging in die vlakke van armoede. Met lae verwagte ekonomiese groei, tesame met die agteruitgang van staatsinfrastruktuur ten opsigte van energie, vervoer en logistiek, asook die stadige pas van ekonomiese hervormings tot op hede, kan die dringendheid om hierdie kwessies aan te spreek, nie oorbeklemtoon word nie.

Teen hierdie agtergrond is ons tevrede met die groep se vermoë om sy positiewe verdienstemomentum te handhaaf. Remgro het ook die Mediclinic Group Beperk (Mediclinic) en Distell Group Holdings Beperk (Distell)/Heineken International B.V. (Heineken) transformerende korporatiewe transaksies suksesvol afgehandel wat beide in die jaar onder oorsig geïmplementeer is.

Ondanks al die storms wat Suid-Afrika tans trotseer, het Remgro steeds vertroue in die veerkragtigheid van sy portefeulje.

In die huidige en vergelykende jare het Remgro verskeie korporatiewe transaksies geïmplementeer en gefasiliteer wat ‘n invloed op die vergelykbaarheid van Remgro se wesensverdienste gehad het. Hierdie korporatiewe transaksies, en hul impak op wesensverdienste, het onder andere die volgende ingesluit:

- Die herstrukturering van OUTsurance Group Beperk (OUTsurance Group) (voorheen Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)) – gedurende die vergelykende jaar, het OUTsurance Group sy beleggings in Discovery Beperk (Discovery) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) ontbondel (die OUTsurance Group-ontbondeling), asook sy belegging in Hastings Group

Holdings plc (Hastings) verkoop. OUTsurance Group het hierdie beleggings (geklassifiseer as beëindigde bedrywighede) geëkwiteer en vir die vergelykende jaar het Remgro se gedeelte daarvan, wat by wesensverdienste ingesluit is, R351 miljoen bedra. As gevolg van die OUTsurance Group-ontbondeling het Remgro Discovery- en Momentum Metropolitan-aandele ontvang en beide beleggings as finansiële instrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste geklassifiseer. Remgro verantwoord nou dividendinkomste uit hierdie beleggings en slegs dividende ten bedrae van R141 miljoen is in die jaar onder oorsig van Momentum Metropolitan ontvang en by wesensverdienste ingesluit;

- Die verkoop van Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping) (vergelykende jaar) – geëkwiteerde inkomste van R267 miljoen is in die vorige jaar ingesluit;
- Die ontbondeling van Grindrod Beperk (Grindrod) (Oktober 2022) – geëkwiteerde inkomste van slegs R61 miljoen is vir die jaar onder oorsig (2022: R263 miljoen) ingesluit;
- Die verkryging van ‘n bykomende indirekte belang van 5.4% in Mediclinic (die Mediclinic-verkryging) (Junie 2023) – transaksiekoste (R612 miljoen) en ‘n buitelandse valutawins (R522 miljoen) is vir die jaar onder oorsig ingesluit; en
- Die samevoeging van Heineken se Suider-Afrikaanse besigheid, insluitende ‘n belang in Namibia Breweries Beperk, met die grootste gedeelte van die Distell-besigheid (bestaande uit sy sider, ander RTDs (gereed-om-te-drink) en spiritualieë- en wynbesigheid) in Heineken Beverages Holdings Eiendoms Beperk (Heineken Beverages), asook die ontbondeling deur Distell van sy filiaal, Capevin Holdings Eiendoms Beperk, wat Distell se oorblywende bates, insluitende die Skotse whiskybesigheid, hou (die Distell/Heineken-transaksie) (April 2023) – transaksiekoste van R196 miljoen is vir die jaar onder oorsig (2022: R16 miljoen) ingesluit.

Vir die jaar onder oorsig het wesensverdienste met 8.7%, vanaf R6 494 miljoen tot R7 056 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 8.9%, vanaf 1 151 sent tot 1 254 sent, toegeneem het. Die toename van 29 basispunte in die WVPA-meting vergeleke met wesensverdienste, verteenwoordig die positiewe impak van die aandele teruggekoop gedurende die jaar onder oorsig.

Die toename van 8.7% in wesensverdienste is hoofsaaklik meegebring deur die hoër bydraes van OUTsurance Group se voortgesette bedrywighede, Mediclinic, die Pembani Remgro Infrastruktuurfonds, Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) en FirstRand Beperk (FirstRand), sowel as hoër rente-inkomste en ‘n buitelandse valutawins wat gerealiseer is op buitelandse valutakontrakte wat aangegaan is om die bykomende indirekte belang van 5.4% in Mediclinic te verkry. Die toename is deels teengewerk deur die laer bydraes van TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies), RCL Foods Beperk (RCL Foods) en Grindrod (weens sy ontbondeling), sowel as transaksiekoste wat verband hou met die Mediclinic-verkryging en die Distell/Heineken-transaksie. Daarby het die vergelykende jaar ook bydraes van Grindrod Shipping (wat verkoop is) en die beëindigde bedrywighede van OUTsurance Group ingesluit (OUTsurance Group het sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan ontbondel, asook sy belegging in Hastings verkoop).

Die bogenoemde korporatiewe transaksies het ‘n invloed op die vergelykbaarheid van Remgro se wesensverdienste die afgelope twee jaar gehad. Met uitsluiting van die impak van hierdie korporatiewe transaksies op wesensverdienste, het wesensverdienste met ongeveer 27% toegeneem, wat die onderliggende veerkragtigheid van Remgro se portefeulje, asook die handhawing van ‘n positiewe verdienstemomentum ondanks ‘n uitdagende sakeklimaat, weerspieël.

Totale verdienste het met 26.8% tot R9 624 miljoen (2022: R13 139 miljoen) afgeneem hoofsaaklik as gevolg van Remgro se gedeelte van die wins wat OUTsurance Group gerealiseer het met die ontbondeling van sy beleggings in Discovery en Momentum Metropolitan (‘n totaal van R4 667 miljoen) en die verkoop van sy belegging in Hastings (R1 465 miljoen), wat in die vergelykende jaar verantwoord is. Dit is deels teengewerk deur die wins (R3 384 miljoen) wat gerealiseer is met die Distell/Heineken-transaksie in die jaar onder oorsig.

Kommentaar op die wesensverdienste bydrae van elk van die onderliggende rapporteringskategorieë word in die geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2023 hiermee saam vrygestel.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 16.6%, vanaf R213.10 op 30 Junie 2022 tot R248.47 op 30 Junie 2023, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2023 was R147.05 (2022: R129.91), wat ‘n diskonto van 40.8% (2022: 39.0%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2023, is 'n finale bruto dividend van 160 sent (2022: 100 sent) per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde.

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sluit af: “*Die finalisering van die Mediclinic en Distell / Heineken transaksies verteenwoordig ‘n belangrike mylpaal in Remgro se geskiedenis. Die waarde van Remgro se ongenoteerde portefeulje het nou tot meer as 70% toegeneem. Dit het Remgro se skaarsheidsfaktor aansienlik verhoog en die maatskappy geposisioneer vir verdere groei en die ontsluiting van waarde vir aandeelhouers. Ek glo wel dat enige groeivooruitsigte slegs ontsluit kan word met verbeterde uitvoering van ekonomiese en strukturele hervormings en 'n vennootskapbenadering om ons land se dringende behoeftes op te los. In hierdie verband, is ek bemoedig deur die vordering wat reeds bereik is deur die vennootskappe wat ontstaan tussen besigheid en die regering.”*

Kontak:	**Remgro Beperk** **Lwanda Zingitwa (Beleggerverhoudings): investor.relations@remgro.com**
Uitgereik en versprei deur:	**Remgro Beleggerverhoudings**
Uitreikingsdatum:	**21 September 2023**
JSE en A2X aandelekode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**

REDAKTEUR SE AANTEKENINGE

Groepprofiel

Remgro, wat oorspronklik in die 1940's deur wyle dr Anton Rupert tot stand gebring is, se beleggingsportefeulje het aansienlik uitgebrei en bestaan tans uit onderliggende beleggings versprei oor nege kategorieë. Die maatskappy is op die Johannesburgse Effektebeurs (JSE), wat in Suid-Afrika deur die JSE Beperk bedryf word, in die sektor "Finansieel – Finansiële Dienste – Beleggingsbank en Makelaarsdienste – Gediversifiseerde Finansiële Dienste" genoteer, met die aandelekode "REM". Die maatskappy het sedert 3 Januarie 2022 ook 'n sekondêre notering op die A2X. Remgro se belange bestaan hoofsaaklik uit beleggings in die gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid en media industrieë. Remgro se mees wesentlike beleggings is soos volg: Mediclinic (50.0%-belang), OUTsurance Group (30.6%-belang), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (57.0%-belang), Heineken Beverages (18.8%-belang), RCL Foods (80.3%-belang), FirstRand (2.2%-belang), Discovery (7.8%-belang), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (100.0%-belang), Air Products South Africa Eiendoms Beperk (50.0%-belang), TotalEnergies (24.9%-belang) en KTH (43.5%-belang). Hierdie beleggings dra ongeveer 89% tot Remgro se intrinsieke netto batewaarde (INBW na belasting) by.